DAG 16

Geestelike voorbrande

Lees 2 Timoteus 2:22.

Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep.

'n Onbeteuelde vuur kan groot skade aanrig. Om vuur te bestry, word vuur dikwels met vuur beveg. 'n Boer wat wil keer dat sy lande afgebrand word, stig voorbrande.

Net so moet die Here se vuur in ons lewe geestelike voorbrande stig. Dan sal die onbeteuelde vuur nie in ons lewe brand en ons vernietig nie.

Ons sal dan 'n praktiese raamwerk daarstel om ons te help om al ons begeertes, passies en drange te beteul. Onbeteuelde begeerte kan vernietigend in 'n mens se lewe werk. Daarom waarsku Paulus die jonge Timoteus om die begeertes wat sy lewe in gevaar bring, te vermy. Hy moet as't ware daarvan wegvlug. Timoteus

moet die elemente van geregtigheid, geloof, liefde en vrede toelaat om in sy lewe oor te neem. Dit sou verhoed dat die begeertes van die jeug nie die lewe van Timoteus vernietig nie. Hierdie beteueling van ons drange, passies en begeertes is 'n lewenslange proses wat daagliks aandag vra.

Here, vandag wil ek my hele lewe voor U bring. Dankie dat u vuur geestelike voorbrande in my lewe stig.

Aantekeninge: